

3 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:49-80

Fokusgedeelte: Psalm 119:59,67,71,75

Groei nader aan God in tye van swaarkry

Elkeen van ons ervaar soms swaarkry in ons lewe. Dink gerus – of gesels as gesin oor swaarkry wat deel van jou of van julle lewe is. Dalk ervaar jy daagliks pyn vanweë siekte of is jou hart nog stukkend oor iemand na aan jou wat dood is. Dalk ervaar jy dikwels by die werk of in die skool hoe ander op jou neersien of jou bespot. Om kind van God te wees beteken nie dat ons nooit swaarkry sal beleef nie. Die digter van Psalm 119 het dit ook beleef. Hy noem in die deel wat ons gelees het dat hy in doodsgevaar verkeer, dat hy deur vyande bespot word, beledig en vals beskuldig word.

Hoe behoort ons vanuit hierdie gedeelte na ons eie swaarkry te kyk? Dis baie belangrik om te besef dat ons swaarkry nie los van die Here staan nie. Hy bepaal ons hele lewe en beskik ook oor die swaarkry in ons lewe. Verder moet ek weet: in my swaarkry is die Here steeds met my besig. Hy gebruik swaarkry om my as sy kind te vorm. Hy gebruik swaarkry om my soos goud te louter. Hy vorm my deur swaarkry sodat ek gereed sal wees om Hom te ontmoet wanneer my sterfdag aanbreek.

Kyk met nuwe oë na die swaar in jou eie lewe. Gebruik dit as `n geleentheid vir geloofsgroei deur die volgende te doen: Dink opnuut na oor jou lewe en jou hartsverhouding met God. Beveg sonde met `n nuwe vurigheid in jou. Doen met nuwe toewyding die wil van die Here. Groei in jou hartsliefde vir die Here. Swaarkry is inderdaad dikwels die geboorteproses tot `n nuwe lewenstoewyding aan die Here. Kry die geloofsmoed en roep met oortuiging saam met die digter uit: “Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer” (vers 71).

Sing: Psalm 92:6

Ds L du P van der Vyver (Silverton)